


Republiek van Suid-Afrika

◆ Republic of South Africa



Buitengewone
Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As in Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(REGULASIEKOERANT No. 681)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY - POST FREE

(REGULATION GAZETTE No. 681)

VOL. 21.]

PRETORIA, 1 JULIE 1966.

[No. 1483.

GOEWERMENSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN
PENSIOENE.

No. R. 1055.] [1 Julie 1966.
REGULASIES KAGTENS DIE NASIONALE WEL-
SYNSWET, 1965 (WET No. 79 VAN 1965).

Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *twee-en-veertig* van die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet No. 79 van 1965), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE.

Regulasies kragtens artikel *twee-en-veertig* van die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet No. 79 van 1965).

Woordomskrywing.

1. In hierdie regulasies beteken „die Wet” die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet No. 79 van 1965), en tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in dié Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg.

Vergaderings van die Nasionale Welsynsraad.

2. (1) Kennis van die tyd en plek van 'n vergadering van die raad, met vermelding van die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word, word deur die registrateur aan elke lid gegee.

(2) Die voorsitter van die raad kan te eniger tyd met die goedkeuring van die Minister, en moet wanneer die Minister aldus gelas, 'n buitengewone vergadering van die raad belê deur elke lid kennis daarvan te gee met vermelding van die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word.

Kworum.

3. Sewe lede vorm 'n kworum op 'n vergadering van die raad.

Prosedure op Vergaderings van die Nasionale Welsynsraad.

4. (1) Op 'n vergadering behandel die raad die sake waarvan daar vooraf kennis gegee is en die ander sake wat die voorsitter of 'n lid met die goedkeuring van die vergadering opper of wat die Minister gelas.

(2) 'n Besluit van die meerderheid van die lede van die raad wat op 'n vergadering aanwesig is, maak 'n besluit van die raad uit.

(3) Elke lid, insluitende die voorsitter, het een stem: Met dien verstande dat die voorsitter in geval van 'n staking van stemme ook 'n beslissende stem het.

(4) Die voorsitter beslis oor enige vraag van orde of prosedure op 'n vergadering van die raad: Met dien verstande dat, indien 'n lid teen die beslissing beswaar maak, die vraag sonder bespreking tot stemming gebring word en die beslissing van die vergadering afdoende is.

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND
PENSIONS.

No. R. 1055.] [1 July 1966.
REGULATIONS UNDER THE NATIONAL WEL-
FARE ACT, 1965 (ACT No. 79 OF 1965).

Under the powers vested in him by section *forty-two* of the National Welfare Act, 1965 (Act No. 79 of 1965), the Minister of Social Welfare and Pensions has made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

Regulations under section *forty-two* of the National Welfare Act, 1965 (Act No. 79 of 1965).

Definitions.

1. In these regulations “the Act” means the National Welfare Act, 1965 (Act No. 79 of 1965), and unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in this Act has the meaning so assigned thereto.

Meetings of the National Welfare Board.

2. (1) The registrar shall notify every member of the time and place of any meeting of the board, specifying the matters to be dealt with at such meeting.

(2) The chairman of the board may at any time with the approval of the Minister, and shall when the Minister so directs, call a special meeting of the board by notifying every member thereof and specifying the matters to be dealt with at such meeting.

Quorum.

3. Seven members shall constitute a quorum at any meeting of the board.

Procedure at Meetings of the National Welfare Board.

4. (1) The board shall at any meeting deal with those matters of which prior notice has been given and such other matters as may be raised by the chairman or any member, with the approval of the meeting or as may be directed by the Minister.

(2) Any resolution of the majority of the members of the board present at any meeting shall constitute a resolution of the board.

(3) Every member, including the chairman, shall have one vote: Provided that in the event of an equality of votes, the chairman shall also have a casting vote.

(4) The chairman shall decide any question of order or procedure at any meeting of the board: Provided that if any member objects to such decision, the question shall be put to the vote without further discussion and the decision of the meeting shall be final.

(5) (a) Die registrar stuur so gou doenlik na afloop van elke vergadering 'n afskrif van die konsepnotule van die vergadering aan elke lid vir kennisname en kommentaar binne veertien dae na die datum van afsending.

(b) Die konsepnotule met enige besware ontvang, word aan die raad op sy volgende vergadering vir bekratiging voorgelê.

Begroting deur die Nasionale Welsynsraad.

5. Die raad moet jaarliks, nie later as 30 Junie van elke jaar nie, 'n begroting van die uitgawes van die raad, die kommissies en die streekwelsynsrade vir die daaropvolgende boekjaar by die Sekretaris indien.

Afwezigheid van Vergaderings van die Nasionale Welsynsraad.

6. (1) Die raad kan aan 'n lid om gegrondte redes verlof toestaan om van vergaderings afwezig te wees: Met dien verstande dat verlof om vir twee of meer agtereenvolgende vergaderings afwezig te wees of afwezigheid sonder verlof onder die aandag van die Minister gebring word.

(2) 'n Lid wie se aansoek om verlof van afwezigheid van vergaderings deur die raad geweier is, kan by die Minister appelleer wat sodanige verlof kan toestaan of weier.

Vergaderings van die Kommissies.

7. (1) Vergaderings van 'n kommissie word gehou in die stad waar die hoofkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gesetel is en op die datum wat die voorsitter van die kommissie in oorleg met die voorsitter van die raad bepaal: Met dien verstande dat 'n vergadering met die goedkeuring van die Sekretaris elders gehou kan word.

(2) 'n Kommissie vergader nie meer as ses keer per jaar sonder die goedkeuring van die Sekretaris nie.

(3) Kennis van die tyd en plek van sodanige vergadering met vermelding van die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word, word deur die registrar aan elke lid gegee.

(4) Die voorsitter kan te eniger tyd met die goedkeuring van die voorsitter van die raad, en moet wanneer die voorsitter van die raad aldus gelas, 'n buitengewone vergadering van die kommissie belê deur elke lid kennis daarvan te gee met vermelding van die sake wat op die vergadering behandel sal word.

Kworum.

8. Vier lede vorm 'n kworum op 'n vergadering van 'n kommissie.

Prosedure op Vergaderings van Kommissies.

9. (1) Op 'n vergadering behandel 'n kommissie die sake waarvan daar vooraf kennis gegee is en die ander sake wat die voorsitter of 'n lid met die goedkeuring van die vergadering opper of wat die raad gelas.

(2) 'n Besluit of aanbeveling van die meerderheid van die lede van 'n kommissie wat op 'n vergadering aanwesig is, maak 'n besluit of aanbeveling van sodanige kommissie uit.

(3) Elke lid, insluitende die voorsitter, het een stem: Met dien verstande dat die voorsitter in geval van 'n staking van stemme ook 'n beslissende stem het.

(4) Die voorsitter beslis oor enige vraag van orde of prosedure of 'n vergadering van 'n kommissie: Met dien verstande dat, indien 'n lid teen die beslissing beswaar maak, die vraag sonder bespreking tot stemming gebring word en die beslissing van die vergadering afdoende is.

(5) (a) Die registrar stuur so gou moontlik na afloop van elke vergadering, 'n afskrif van die konsepnotule van die vergadering aan elke lid vir kennisname en kommentaar binne veertien dae na die datum van afsending.

(b) 'n Afskrif van die notule word saam met die agenda ook aan elke lid van die raad gestuur.

(c) Die konsepnotule met enige besware ontvang, word aan die kommissie op sy volgende vergadering voorgelê vir bekratiging.

(5) (a) The registrar shall as soon as may be after every meeting forward a copy of the draft minutes of the meeting to every member for his information and for comment within fourteen days of the date of dispatch.

(b) The draft minutes, together with any objections received, shall be submitted to the board for confirmation at its next meeting.

Submission of Estimates by the National Welfare Board.

5. The board shall annually submit to the Secretary not later than 30th June of each year estimates of the expenditure of the board, the commissions and the regional welfare boards for the ensuing financial year.

Absence from meetings of the National Welfare Board.

6. (1) The board may for sound reasons grant any member leave of absence from meetings: Provided that leave of absence for two or more consecutive meetings or absence without leave shall be brought to the notice of the Minister.

(2) Any member whose application for leave of absence from meetings has been refused by the board, may appeal to the Minister who may grant or refuse such leave.

Meetings of the Commissions.

7. (1) Meetings of a commission shall be held in the city where the head office of the Department of Social Welfare and Pensions is situated and on such date as may be determined by the chairman of the commission in consultation with the chairman of the board: Provided that any meeting may with the approval of the Secretary be held elsewhere.

(2) A commission shall meet not more than six times a year, except with the approval of the Secretary.

(3) The registrar shall notify every member of the time and place of such meeting, specifying the matters to be dealt with at such meeting.

(4) The chairman may at any time with the approval of the chairman of the board, and shall whenever the chairman of the board so directs, call a special meeting of the commission by notifying every member thereof, specifying the matters to be dealt with at such meeting.

Quorum.

8. Four members shall constitute a quorum at any meeting of any commission.

Procedure at Meetings of Commissions.

9. (1) A commission shall at any meeting deal with those matters of which prior notice has been given and with such other matters as may be raised by the chairman or any member, with the approval of the meeting or as may be directed by the board.

(2) Any resolution or recommendation of the majority of the members of any commission present at a meeting shall constitute a resolution or recommendation of such commission.

(3) Every member, including the chairman, shall have one vote: Provided that in the event of an equality of votes the chairman shall also have a casting vote.

(4) The chairman shall decide any question of order or procedure at any meeting of a commission: Provided that, if any member raises an objection to such decision, the question shall be put to the vote without discussion and the decision of the meeting shall be final.

(5) (a) The registrar shall as soon as may be after every meeting forward a copy of the draft minutes of the meeting to every member for his information and for comment within fourteen days of the date of dispatch.

(b) A copy of the minutes, together with the agenda, shall be forwarded to every member of the board.

(c) The draft minutes, together with any objections received, shall be submitted to the commission for confirmation at its next meeting.

Afwezigheid van Vergaderings van Kommissies.

10. (1) 'n Kommissie kan aan 'n lid om gegrondte redes verlof toestaan om van vergaderings afwezig te wees: Met dien verstande dat verlof om vir twee of meer agtereenvolgende vergaderings afwezig te wees of afwezigheid sonder verlof onder die aandag van die voorsitter van die raad gebring word vir rapportering aan die Minister.

(2) 'n Lid wie se aansoek om verlof van afwezigheid van vergaderings deur sodanige kommissie gewei is, kan by die Minister appelleer wat sodanige verlof kan toestaan of weier.

Sekretariële Pligte.

11. Die registrar of 'n beampete in die Staatsdiens deur hom aangewys, verrig die sekretariële werk wat by hierdie regulasies aan kommissies of aan die registrar ten opsigte van kommissies, opgedra word.

Vergaderings van Streekwelsynsrade.

12. (1) Vergaderings van 'n streekwelsynsraad word gehou in die stad of dorp waar die betrokke streekkantoor van die Departement van Volkswelwyn en Pensioene gesetel is en op die datum wat die streekwelsynsraad bepaal.

(2) 'n Streekwelsynsraad vergader nie meer as vier keer per jaar sonder die goedkeuring van die Sekretaris nie.

(3) Kennis van die tyd en plek van sodanige vergadering met vermelding van die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word, word deur die sekretaris aan elke lid gegee.

(4) Die voorsitter moet wanneer die voorsitter van die raad of die Minister aldus gelas, 'n buitengewone vergadering van die streekwelsynsraad belê deur elke lid kennis daarvan te gee met vermelding van die sake wat op die vergadering behandel sal word.

Kworum op 'n Vergadering van 'n Streekwelsynsraad.

13. Minstens 'n derde van die lede vorm 'n kworum op 'n vergadering van 'n streekwelsynsraad.

Prosedure op Vergaderings van Streekwelsynsrade.

14. (1) Op 'n vergadering behandel 'n streekwelsynsraad die sake waarvan daar vooraf kennis gegee is en die ander sake wat die voorsitter of 'n lid met die goedkeuring van die vergadering opper of wat die Minister of voorsteller van die raad gelas.

(2) 'n Besluit of aanbeveling van die meerderheid van die lede van 'n streekwelsynsraad wat op 'n vergadering aanwezig is, maak 'n besluit of aanbeveling van sodanige streekwelsynsraad uit.

(3) Elke lid, insluitende die voorsitter, het een stem: Met dien verstande dat die voorsitter in geval van 'n staking van stemme ook 'n beslissende stem het.

(4) Die voorsitter beslis oor enige vraag van orde of prosedure op 'n vergadering van 'n streekwelsynsraad: Met dien verstande dat, indien 'n lid teen die beslissing beswaar maak die vraag sonder bespreking tot stemming gebring word en die beslissing van die vergadering afdoende is.

(5) (a) Die sekretaris stuur so gou moontlik na aflat van elke vergadering 'n afskrif van die konsepnotule van die vergadering aan elke lid vir kennisse name en kommentaar binne veertien dae na die datum van afsending.

(b) Voldoende afskrifte van die notule saam met die agenda word deur die sekretaris aan die registrar gestuur vir beskikbaarstelling aan die lede van die raad.

(c) Die konsepnotule met enige besware ontvang, word aan die streekwelsynsraad op sy volgende vergadering vir bekragting voorgeleë.

Afwezigheid van Vergaderings van Streekwelsynsrade.

15. (1) 'n Streekwelsynsraad kan aan 'n lid om gegrondte redes verlof toestaan om van vergaderings afwezig te wees: Met dien verstande dat verlof om vir twee of meer agtereenvolgende vergaderings afwezig te wees of afwezigheid sonder verlof onder die aandag van die voorsitter van die raad gebring word vir rapportering aan die Minister.

(2) 'n Lid wie se aansoek om verlof van afwezigheid van vergadering deur die streekwelsynsraad gewei is, kan by die Minister appelleer wat sodanige verlof kan toestaan of weier.

Absence from Meetings of Commissions.

10. (1) A commission may for sound reasons grant any member leave of absence from meetings: Provided that leave of absence from two or more consecutive meetings or absence without leave shall be brought to the notice of the chairman of the board who shall report the matter to the Minister.

(2) Any member whose application for leave of absence from meetings has been refused by such commission, may appeal to the Minister who may grant or refuse such leave.

Secretarial Duties.

11. The registrar or any officer in the Public Service designated by him shall perform the secretarial duties assigned to commissions or to the registrar in respect of commissions, in terms of these regulations.

Meetings of Regional Welfare Boards.

12. (1) Meetings of a regional welfare board shall be held in the city or town where the relative regional office of the Department of Social Welfare and Pensions is situated and on such date as may be determined by the regional welfare board.

(2) A regional welfare board shall meet not more than four times a year, except with the approval of the Secretary.

(3) The secretary shall notify every member of the time and place of such meeting, specifying the matters which are to be dealt with at such meeting.

(4) The chairman shall whenever the chairman of the board or the Minister so directs, call a special meeting of the regional welfare board by notifying every member thereof, specifying the matters that are to be dealt with at such meeting.

Quorum at a Meeting of a Regional Welfare Board.

13. No fewer than one-third of the members shall constitute a quorum at any meeting of any regional welfare board.

Procedure at Meetings of Regional Welfare Boards.

14. (1) A regional welfare board shall at any meeting deal with those matters of which prior notice has been given and with such other matters as may be raised by the chairman or any member with the approval of the meeting or as the Minister or chairman of the board may direct.

(2) Any resolution or recommendation of the majority of the members of any regional welfare board present at a meeting shall constitute a resolution or recommendation of such regional welfare board.

(3) Every member, including the chairman, shall have one vote: Provided that in the event of an equality of votes, the chairman shall also have a casting vote.

(4) The chairman shall decide any question of order or procedure at any meeting of a regional welfare board: Provided that if any member raises an objection to such decision the question shall be put to the vote without discussion and the decision of the meeting shall be final.

(5) (a) The secretary shall as soon as may be after every meeting forward a copy of the draft minutes of the meeting to every member for his information and for comment within fourteen days of the date of dispatch.

(b) Sufficient copies of the minutes shall be forwarded by the secretary to the registrar to be made available to the members of the board.

(c) The draft minutes together with any objections received, shall be submitted to the regional welfare board for confirmation at its next meeting.

Absence from Meetings of Regional Welfare Boards.

15. (1) A regional welfare board may for sound reasons grant any member leave of absence from meetings: Provided that leave of absence from two or more consecutive meetings or absence without leave shall be brought to the notice of the chairman of the board who shall report the matter to the Minister.

(2) Any member whose application for leave of absence from meetings has been refused by the regional welfare board may appeal to the Minister who may grant or refuse such leave.

Uitvoerende Komitees van Streekwelsynsrade.

16. (a) Twee van die ander lede van 'n uitvoerende komitee van 'n streekwelsynsraad en die *ex officio*-lid maak 'n kworum uit op 'n vergadering van sodanige uitvoerende komitee.

(b) 'n Beslissing van 'n uitvoerende komitee handelende uit kragte van 'n opdrag kragtens paragraaf (b) van sub- artikel (3) van artikel *twaalf* van die Wet, word geag 'n beslissing van die betrokke streekwelsynsraad te wees.

Aansoek om Registrasie as 'n Welsynsorganisasie.

17. (1) Enige aansoek om die registrasie van 'n welsynsorganisasie ingevolge artikel *negentien* van die Wet moet ingedien word in die vorm van Vorm W.1 tesame met 'n gewaarmerkte afskrif van die organisasie se konstitusie by die streekwelsynsraad van die gebied waarin die organisasie sy bedrywighede voortsit of voorname is om dit voort te sit.

(2) Die registrator stel op die wyse deur die raad gelas, sodanige welsynsorganisasie in kennis van die raad se besluit omtrent die aansoek om registrasie. Indien die aansoek toegestaan is, reik die registrator 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Vorm W.2 uit.

(3) Benewens die vereistes van artikel *ses-en-twintig* van die Wet, moet die konstitusie van 'n welsynsorganisasie onderstaande bevat—

- (a) die naam van die welsynsorganisasie;
- (b) die doelstellings van die welsynsorganisasie;
- (c) die gebied of gebiede waarin die welsynsorganisasie van voorneme is om sy dienste te lewer;
- (d) die wyse waarop die bestuurskomitee saamgestel is, en die wyse waarop vakatures in die komitee aangevul word;
- (e) die wyse waarop die tak- en hulporganisasies, as daar is, beheer en bestuur word;
- (f) die wyse waarop oor die bates van die welsynsorganisasie by die ontbinding van die organisasie, beskik sal word;
- (g) die procedure vir wysiging van die konstitusie;
- (h) lidmaatskap.

(4) Die applikant-welsynsorganisasie moet die adres van sy hoofkantoor aan die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad verstrek en moet hom van enige verandering van adres verwittig.

(5) Die applikant-welsynsorganisasie moet die sekretaris van die plaaslike streekwelsynsraad in kennis stel van die name, adresse en beroepe van die lede van die bestuurskomitee en van enige verandering in sodanige komitee.

Kennisgewing van en Beswaar teen aansoek om Registrasie.

18. (1) Die kennisgewing genoem in paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel *negentien* van die Wet moet gepubliseer word in die *Staatskoerant* en minstens een plaaslike koerant of, as daar nie 'n plaaslike koerant is nie, in minstens een koerant wat in die gebied waarin die organisasie sal funksioneer, versprei word.

(2) Enige beswaar kragtens paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel *negentien* van die Wet moet ingedien word binne een-en-twintig dae na die datum van die kennisgewing in die *Staatskoerant* ingevolge subregulasie (1).

Verandering van Adres en van Ampsdraers.

19. 'n Geregistreerde welsynsorganisasie moet die registrator en die plaaslike streekwelsynsraad in kennis stel van enige adresverandering van sy hoofkantoor, en van enige verandering betreffende die bekleer van die pos van voorstitter, vice-voorsitter, sekretaris, tesourier of ouditeur.

Vrystelling van die Bepalings van die Wet.

20. (1) Enige aansoek ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Wet om vrystelling van enigeen van die bepalings van die Wet, moet ingedien word in die vorm van Vorm W.3 by die plaaslike streekwelsynsraad vir deursending en aanbeveling aan die raad, en moet—

- (a) die bepalings van die Wet waarvan die welsynsorganisasie vrystelling verlang, meld; en
- (b) die redes aangee waarom dié vrystelling verlang word.

Executive Committees of Regional Welfare Boards.

16. (a) Two of the other members of an executive committee of any regional welfare board and the *ex officio* member shall constitute a quorum at any meeting of such executive committee.

(b) Any decision of any executive committee performing any function assigned to it in terms of paragraph (b) of sub-section (3) of section *twelve* of the Act, shall be deemed to be a decision of the regional welfare board.

Application for Registration as a Welfare Organization.

17. (1) Any application for the registration of a welfare organization in terms of section *nineteen* of the Act shall be submitted to the regional welfare board of the area in which such organization is carrying on its activities or proposes to carry on its activities, in the form of Form W.1, together with a certified copy of the constitution of the organization.

(2) The registrar shall in the manner directed by the board notify such welfare organization of the board's decision on the application for registration. If the application has been granted, the registrar shall issue a certificate of registration in the form of Form W.2.

(3) The constitution of any welfare organization shall in addition to the requirements of section *twenty-six* of the Act, set out—

- (a) the name of the welfare organization;
- (b) the objects of the welfare organization;
- (c) the area or areas in which the welfare organization proposes to render its services;
- (d) how the managing committee is constituted and how vacancies on the committee are filled;
- (e) how the branch and subsidiary organizations, if any, are controlled and managed;
- (f) how the assets of the welfare organization are to be disposed of on the dissolution of the organization;
- (g) the procedure for amending the constitution;
- (h) membership.

(4) The applicant welfare organization shall furnish the secretary of the regional welfare board concerned with the address of its head office and shall advise him of any change of address.

(5) The applicant welfare organization shall inform the secretary of the local regional welfare board of the names, addresses and occupations of the members of the managing committee and of any change in such committee.

Notice of and Objection to Application for Registration.

18. (1) The notice referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of section *nineteen* of the Act shall be published in the *Gazette* and not less than one local newspaper, or, if there is no local newspaper, in not less than one newspaper circulating in the area in which the organization will function.

(2) Any objection under paragraph (b) of sub-section (2) of section *nineteen* of the Act shall be lodged within twenty-one days of the date of the notice in the *Gazette* in terms of sub-regulation (1).

Change of Address and of Office-bearers.

19. A registered welfare organization shall advise the registrator and the local regional welfare board of any change of address of its head office, and of any change in the incumbency of the office of chairman, vice-chairman, secretary, treasurer or auditor.

Exemption from Provisions of the Act.

20. (1) Any application in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Act for exemption from any of the provisions of the Act, shall be lodged with the local regional welfare board in the form of Form W.3 for transmission and recommendation to the board and shall—

- (a) state the provisions of the Act from which the welfare organization desires exemption; and
- (b) the reasons for desiring such exemption.

(2) 'n Vrystellingsertikaat toegestaan ingevolge subartikel (1) van artikel *seventien* van die Wet moet deur die registrator aan die welsynsorganisasie in die vorm van Vorm W.4 uitgereik word.

Beslissings van die Raad.

21. Enige beslissing van die raad wat betrekking het op die afwysing, geheel of gedeeltelik, van 'n aansoek om registrasie of vrystelling, of op die wysiging, teruggawe of intrekking van 'n registrasie- of vrystellingsertikaat, moet onverwyd deur die registrator skriftelik aan die betrokke welsynsorganisasie meegedeel word.

Tydelike Magtiging om Bydraes in te samel.

22. (1) 'n Magtiging verleen kragtens subartikel (1) van artikel *agtien* van die Wet is onderworpe aan die volgende voorwaarde:—

- (a) Dat die bydraes wat ingesamel is, aangewend moet word vir die doel waarvoor die magtiging verleen is en dat daaroor beskik moet word binne negentig dae na die vervaldatum van die magtiging;
- (b) dat al die gelde wat kragtens die magtiging ingesamel is, in 'n bankrekening gestort word (vir die doel sluit „bank“ 'n posspaarbank, 'n handelsbank, of 'n bouvereniging in);
- (c) dat die persoon, groep persone of welsynsorganisasie aan wie die magtiging verleen is, behoorlike rekeningboeke moet hou van die bydraes wat ingesamel is en van die wyse waarop dit bestee is en dat dié boeke en stawende dokumente te eniger tyd deur die beampte wat die magtiging verleen het, of 'n beampte deur hom aangewys, geïnspekteer kan word;
- (d) dat tensy vir die doel van die insameling 'n welsynsorganisasie gestig en geregistreer is, die persoon, groep persone of organisasie aan wie die magtiging verleen is binne honderd-en-twintig dae na die vervaldatum van die magtiging 'n finale geouditeerde staat van inkomste en uitgawe, tesame met die lys, as daar is, wat vir die doel van die insameling gebruik was, aan die beampte wat die magtiging verleen het, moet voorlê vir deursending aan die raad.

(2) 'n Magtiging wat in subregulasie (1) bedoel word, moet in die vorm van Vorm W. 8 uitgereik word, en moet vergesel gaan van die voorwaarde genoem in genoemde subregulasie asook van dié ander voorwaarde wat die beampte wat die magtiging verleen, ople.

Appèl teen Beslissings van die Raad.

23. (1) Enige appèl kragtens subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van die Wet moet binne negentig dae nadat die welsynsorganisasie van die beslissing van die raad verwittig is, skriftelik by die registrator ingedien word en moet die gronde waarop geappelleer word, uiteensit.

(2) Nadat die appèl ingedien is, moet die registrator so gou doenlik 'n afskrif daarvan aan die Minister stuur. Die Minister stel vervolgens 'n appèlkomitee saam ingevolge artikel *vyf-en-twintig* van die Wet en bepaal die tyd, datum en plek van die verhoor van die appèl.

(3) Nadat die Minister die registrator verwittig het van die samestelling van die appèlkomitee en van die tyd, datum en plek van appèl, moet die registrator so gou doenlik—

- (a) aan elke lid van die appèlkomitee die volgende stuur:—
 - (i) 'n afskrif van die appellerende organisasie se appèl en die gronde waarop geappelleer word;
 - (ii) 'n afskrif van die redes wat die raad aanvoer vir die beslissing waarteen daar geappelleer word;
 - (iii) 'n kennisgewing aangaande die tyd, datum en plek van appèl; en
- (b) afskrifte van die stukke in subparagrawe (ii) en (iii) van paragraaf (a) genoem, aan die appellerende organisasie stuur.

(2) A certificate of exemption granted under sub-section (1) of section *seventeen* of the Act shall be issued by the registrar to the welfare organization in the form of Form W.4.

Board's Decisions.

21. Any decision of the board relating to the rejection, wholly or in part, of any application for registration or exemption or to the amendment, surrender or cancellation of any certificate of registration or exemption, shall forthwith be transmitted in writing by the registrar to the welfare organization concerned.

Temporary Authority to Collect Contributions.

22. (1) An authority granted in terms of sub-section (1) of section *eighteen* of the Act shall be subject to the following conditions:—

- (a) That the contributions collected shall be used for the purpose for which the authority has been granted and shall be disposed of within ninety days of the date of expiry of the authority;
- (b) that all the moneys collected in terms of the authority shall be paid into a bank account (for this purpose "bank" includes a post office savings bank, a commercial bank, or a building society);
- (c) that the person, group of persons or welfare organization to whom or to which the authority has been granted, shall keep proper books of account of the contributions collected and of the manner in which they have been spent and that such books and supporting documents may at any time be inspected by the officer who granted the authority or an officer designated by him;
- (d) that unless a welfare organization has been formed and registered for the purpose of the collection, the person, group of persons or organization to whom or to which the authority has been granted, shall, within one hundred and twenty days of the date of expiry of the authority, submit to the officer who granted the authority, for transmission to the board, a final audited statement of income and expenditure, together with the lists, if any, which have been used for the purpose of the collection.

(2) Any authority intended in sub-regulation (1) shall be issued in the form of Form W.8 and shall be accompanied by the conditions stated in the said sub-regulation as well as by such other conditions as may be imposed by the officer granting the authority.

Appeal against Decisions of the Board.

23. (1) Any appeal under sub-section (1) of section *twenty-five* of the Act shall be lodged in writing with the registrar within ninety days of the welfare organization being notified of the board's decision and shall set forth the grounds of appeal.

(2) After the appeal has been lodged, the registrar shall as soon as may be transmit to the Minister a copy thereof. The Minister shall thereupon constitute an appeal committee in terms of section *twenty-five* of the Act and shall determine the time, date and place of the hearing of the appeal.

(3) After the Minister has notified the registrar of the constitution of the appeal committee and of the time, date and place of appeal, the registrar shall as soon as may be—

- (a) transmit the following to each member of the appeal committee—
 - (i) a copy of the appellant organization's appeal and grounds of appeal;
 - (ii) a copy of the board's reasons for the decisions against which the appeal is being lodged;
 - (iii) a notice stating the time, date and place of appeal; and
- (b) transmit to the appellant organization copies of the documents referred to in sub-paragraph (ii) and (iii) of paragraph (a).

(4) Die appèlkomitee moet—

- (a) na eie goeddunke in camera sitting hou of die publiek (met inbegrip van die pers) toelaat tot die appèlverrigtings waarvan die verhoor van tyd tot tyd uitgestel kan word;
- (b) sy beslissing baseer op die inligting aan hom voorgelê sonder om getuienis op te roep; en
- (c) sy beslissing aan die registrator oordra wat die raad en die organisasie wat geappelleer het, daarvan in kennis stel.

Teruggawe van Registrasiesertifikaat.

24. Die raad moet die teruggawe van 'n registrasiesertifikaat kragtens artikel *drie-en-twintig* van die Wet vir algemene inligting in die *Staatskoerant* publiseer en die raad kan, benewens ander voorwaardes wat hy goedvind om te stel by die aanneem van die teruggawe, een of meer van onderstaande voorwaardes aan die betrokke organisasie stel:—

- (a) Hy moet binne 'n tydperk wat die raad bepaal, 'n finale geouditeerde balansstaat en geouditeerde staat van inkomste en uitgawe aan hom voortlê.
- (b) Hy mag nie sy registers vernietig of wegdoen nie tensy die voorafgaande toestemming van die raad daarvoor verkry is.
- (c) Hy moet die publiek by kennisgewing in 'n plaaslike koerant of, as daar geen plaaslike koerant is nie, in minstens een koerant wat versprei word in die gebied waarin die organisasie funksioneer, daarvan in kennis stel dat hy sy werksaamhede gestaak het of van plan is om sy werksaamhede te staak.

Voorwaardes Betreffende die Bestuur van 'n Welsynsorganisasie.

25. Benewens die pligte hom opgelê by subartikel (2) van artikel *ses-en-twintig* van die Wet, moet elke bestuurskomitee—

- (a) notule hou van die vergaderings van die bestuurskomitee, waarin die name van die lede van die komitee wat sodanige vergaderings bywoon, aangeteken word;
- (b) al die geld wat vir die welsynsorganisasie ontvang word, in 'n bankrekening stort wat op die geregtreerde naam van die welsynsorganisasie gehou word (vir die doel van hierdie subregulasie sluit „bank“ die posspaarbank, 'n handelsbank, of 'n bouvereniging in);
- (c) rekeningboeke hou wat 'n noukeurige weergawe bevat van die finansiële bedrywighede van die welsynsorganisasie, met inbegrip van besonderhede aangaande alle eiendom wat verkry of van die hand gesit is;
- (d) al die besonderhede wat nodig is om die dokumente in (a) en (c) vermeld behoorlik te begryp, aan die registrator versrek;
- (e) sorg dat alle rekeninge, boeke, registers en notules van vergaderings te eniger tyd ter insae lê vir 'n inspeksiebeampte wat ingevolge subartikel (1) van artikel *dertig* van die Wet deur die Sekretaris of die registrator spesial daartoe gemagtig is;
- (f) 'n geouditeerde balansstaat en 'n geouditeerde staat van inkomste en uitgawe wat nie deur 'n lid van die bestuurskomitee geouditeer is nie binne 'n tydperk van ses maande na die sluiting van die welsynsorganisasie se boekjaar, by die plaaslike streekwelsynsraad indien vir deursending aan die registrator: Met dien verstande dat die registrator 'n verlenging van hierdie tydperk aan die welsynsorganisasie kan toestaan;
- (g) sorg dat alle tjeeks wat op die welsynsorganisasie getrek word, behoorlik kragtens die konstitusie deur minstens twee persone geteken word;
- (h) sorg dat geen bydraes deur die welsynsorganisasie ingesamel word vir 'n doel wat nie in die konstitusie, soos deur die raad goedgekeur, gemeld is nie, en dat geen geld of eiendom van die welsynsorganisasie vir enige ander doel aangewend word nie; en

(4) The appeal committee shall—

- (a) at its own discretion sit in camera or permit the public (including the press) to have access to the proceedings of the appeal, the hearing of which may from time to time be postponed;
- (b) base its decision on the information before it, without calling for evidence; and
- (c) convey its decision to the registrar who shall notify the board and the appellant organization.

Surrender of Certificate of Registration.

24. The surrender of any certificate of registration in terms of section *twenty-three* of the Act shall be published by the board for general information in the *Gazette* and the board may, in addition to any other conditions which it may deem fit to lay down in accepting the surrender, impose one or more of the following conditions on the organization concerned:—

- (a) It shall within a period to be determined by the board, submit to the board a final audited balance sheet and audited statement of revenue and expenditure.
- (b) It shall not destroy or dispose of its records unless the prior approval of the board has been obtained.
- (c) It shall by notice in a local newspaper or if there is no local newspaper, in not less than one newspaper circulating in the area in which the organization is functioning, make known to the public that it has discontinued its functions or that it intends to discontinue its functions.

Conditions regarding Management of a Welfare Organization.

25. Every managing committee shall, in addition to the duties imposed on it by sub-section (2) of section *twentysix* of the Act—

- (a) keep minutes of the meetings of the managing committee, in which shall be recorded the names of the members of the committee attending such meeting;
- (b) pay all moneys received for the welfare organization into a bank account, kept in the registered name of the welfare organization (for the purpose of this sub-regulation "bank" includes the post office savings bank, any commercial bank or any building society);
- (c) keep such books of account as will accurately reflect the financial activities of the welfare organization, including particulars of all property acquired or disposed of;
- (d) furnish the registrar with all such particulars as may be necessary for the proper understanding of the documents referred to in (a) and (c);
- (e) ensure that all accounts, books, records and minutes of meetings are at any time open to inspection by any inspecting officer specially authorised thereto in terms of sub-section (1) of section *thirty* of the Act, by the Secretary or the registrar;
- (f) submit to the local regional welfare board, for transmission to the registrar, an audited balance sheet and audited statement of revenue and expenditure not audited by a member of the managing committee within a period of six months after the close of the welfare organization's financial year: Provided that the registrar may grant the welfare organization an extension of this period;
- (g) ensure that all cheques drawn on the welfare organization are in terms of the constitution duly signed by not less than two persons;
- (h) ensure that no contributions are raised by the welfare organization for any purpose not stated in the constitution, as approved by the board, and that no money or property of the welfare organization is applied to any other purpose; and

- (i) sorg dat alle rekeningboeke en stawende dokumente minstens drie jaar lank gehou word, tensy die stukke kragtens 'n ander wet vir 'n langer tydperk bewaar moet word.

Pligte van Bestuurskomitee.

26. (1) Wanneer 'n geregistreerde welsynsorganisasie sy bedrywigheid in die geheel of ten dele voortsit deur middel van takke wat onder die beheer en leiding van die bestuurskomitee funksioneer, moet die bestuurskomitee aan elke takkomitee 'n volmag in die vorm van Vorm W. 5 verleen en moet die bestuurskomitee sorg—

- (a) dat sodanige takkomitee aan die bepalings van regulasie 25 voldoen;
- (b) dat daar in die hoofkantoor van die geregistreerde welsynsorganisasie 'n register gehou word van die naam en adres van elke takkomitee en van die voorstander, sekretaris en tesourier van elke takkomitee.

(2) Voordat die raad 'n registrasiesertifikaat kragtens artikel *twee-en-twintig* wysig, moet hy aan die betrokke bestuurskomitee opdrag gee om—

- (a) 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* en minstens een plaaslike koerant te publiseer, of as daar geen plaaslike koerant is nie, in minstens een koerant wat versprei word in die gebied waarin die organisasie funksioneer, en in sodanige kennisgewing moet die voorgestelde verandering van naam en doelstellings gemeld word; en
- (b) deur middel van sodanige kennisgewing alle belanghebbende persone wat daarteen beswaar wil maak, te versoek om die vertoë wat hulle wil voorlê, binne 'n tydperk van een-en-twintig dae tot die registrator te rig.

(3) Wanneer 'n persoon of groep persone met die toestemming van die bestuurskomitee van 'n geregistreerde welsynsorganisasie onderneem om fondse ten behoeve van sodanige organisasie by die publiek in te samel, moet die bestuurskomitee aan sodanige persoon of groep persone 'n magtigingsbewys verleen in die vorm van Vorm W. 6 en/of in die vorm van Vorm W. 7 en is dit die bestuurskomitee se plig om sorg te dra dat—

- (a) die organisasie die volle bedrag van die netto opbrengs van so 'n poging om fondse in te samel, ontvang;
- (b) indien die organisasie slegs 'n persentasie van die opbrengs van so 'n poging om fondse in te samel, sal ontvang, die ware feite aan die publiek bekendgemaak word voordat daar met die insameling van fondse begin word; en
- (c) die magtigingsbewys wat ingevolge artikel *nege-en-twintig* van die Wet uitgereik word aan die persoon of groep persone wat die insameling onderneem, so gou moontlik na die datum waarop dit verval, maar nie later nie as een-en-twintig dae daarna, aan die organisasie terugbesorg word.

Strafbepalings.

27. Versuim om aan die bepalings van regulasies 22, 24, 25 en 26 te voldoen, is 'n misdryf en iedereen wat aan so 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand.

Herroeping van Regulasies.

28. Die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 759 van 29 September 1961, word met ingang van die eerste dag van Julie 1966 herroep.

Lys van Voorgeskrewe Vorms.

29. Vorm W.1.—Aansoek om registrasie van 'n welsynsorganisasie ingevolge subartikel (1) van artikel *negentien* van die Nasionale Welsynswet, 1965 (Wet No. 79 van 1965).

Vorm W. 2.—Registrasiesertifikaat.

Vorm W. 3.—Aansoek kragtens subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Nasionale Welsynswet, 1965, om vrystelling van die toepassing van enige van die bepalings van die Wet.

- (i) ensure that all books of account and supporting documents are retained for not less than three years, unless such documents shall be kept for a longer period in terms of some other Act.

Duties of Managing Committee.

26. (1) When a registered welfare organization carries on its activities wholly or in part by means of branches functioning under the control and guidance of the managing committee, the managing committee shall grant each branch committee a letter of delegation in the form of Form W.5 and the managing committee shall ensure—

- (a) that such branch committee comply with the provisions of regulation 25;
- (b) that a record of the name and address of each branch committee and of the chairman, secretary and treasurer of each branch committee is kept in the head office of the registered welfare organization.

(2) Before amending a certificate of registration in terms of section *twenty-two*, the board shall direct the managing committee concerned to—

- (a) publish a notice in the *Gazette* and at least one local newspaper, or if there is no local newspaper, in at least one newspaper circulating in the area in which the organization is functioning in which notice the proposed change of name and object shall be stated; and
- (b) by means of such notice request all interested persons wishing to raise objections thereto, to lodge with the registrar the representations they wish to make, within a period of twenty-one days.

(3) When, with the consent of the managing committee of a registered welfare organization, any person or group of persons undertakes to collect funds from the public in aid of such organization, the managing committee shall grant such person or group of persons a certificate of authority in the form of Form W.6 and/or in the form of Form W.7, and it shall be the duty of the managing committee to ensure that—

- (a) the organization receives the full amount of the net proceeds of such an effort to collect funds;
- (b) if the organization is to receive only a percentage of the proceeds of such an effort to collect funds the true facts shall be made known to the public before the collection of funds is commenced; and
- (c) the certificate of authority issued in terms of section *twenty-nine* of the Act to the person or group of persons undertaking the collection is returned to the organization as soon as may be after the date on which it expires, but not later than twenty-one days thereafter.

Penalties

27. Failure to comply with the provisions of regulations 22, 24, 25 and 26 shall be an offence and any person found guilty of such offence shall be liable to a fine not exceeding one hundred rand.

Repeal of Regulations

28. The regulations published in Government Notice No. R. 759 dated 29th September, 1961, are repealed with effect from the first day of July, 1966.

Schedule of Prescribed Forms.

29. Form W.1.—Application for registration of a welfare organization under sub-section (1) of section *nineteen* of the National Welfare Act, 1965 (Act No. 79 of 1965).

Form W.2.—Certificate of registration.

Form W.3.—Application under sub-section (1) of section *seventeen* of the National Welfare Act, 1965, for exemption from the operation of any of the provisions of the Act.

Vorm W. 4.—Vrystellingsertifikaat.	Form W.4.—Certificate of exemption.
Vorm W. 5.—Volmag.	Form W.5.—Letter of delegation.
Vorm W. 6.—Magtigingsbewys om 'n funksie te organiseer.	Form W.6.—Certificate of authority for organizing a function.
Vorm W. 7.—Magtigingsbewys vir die insameling van bydraes in kontant of in natura.	Form W.7.—Certificate of authority for raising contributions in cash or in kind.
Vorm W. 8.—Tydelike magtiging vir insameling van bydraes ingevolge artikel <i>agtien</i> .	Form W.8.—Temporary authority for the collection of contributions in terms of section <i>eighteen</i> .

INHOUD.

No.	BLADSY
Departement van Volkswelsyn en Pensioene.	
GOEWERMЕНTSKENNISGEWING. R.1055. Die Nasionale Welsynswet, 1965: Regulasiestasies ...	1

CONTENTS.

No.	PAGE
Department of Social Welfare and Pensions.	
GOVERNMENT NOTICE. R.1055. The National Welfare Act, 1965: Regulations ...	1

MAANDBULLETIN VAN STATISTIEK

Uitgereik deur die Buro vir Statistiek, Pretoria

Behels 'n omvattende dekking van lopende statistiese inligting oor 'n groot verskeidenheid van ekonomiese en maatskaplike onderwerpe. Elke uitgawe bevat meer as 100 statistiese tabelle asook statistiese bylaes

Prys Republiek van Suid-Afrika 60c per eksemplaar (R6.00 per jaar)
Buiteland ----- 75c per eksemplaar (R7.50 per jaar)

VERKRYGBAAR VAN DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA EN KAAPSTAD

MONTHLY BULLETIN OF STATISTICS

Issued by the Bureau of Statistics, Pretoria

Contains a comprehensive coverage of current statistical information on a great variety of economic and social subjects. Each issue contains more than 100 statistical tables as well as statistical annexures

Price Republic of South Africa -- 60c per copy (R6.00 per year)
Overseas ----- 75c per copy (R7.50 per year)

OBtainable from the GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA AND CAPE TOWN